

WITTENBERG SCHULE





MISSIE VAN WITTENBERG SCHULE

Om vanuit 'n Christelike perspektief elke leerling op 'n kundige en gekoördineerde wyse deur verantwoordbare onderwys na volwassenheid te lei.

Hierdie Beheerliggaam ondersteun onomwonde Christelike onderwys en sal toesien dat die Woord van God as rigsnoer dien om die waardes by ons kinders in te skerp.

Deuteronomium 6:6-7: "Hierdie gebooië wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly. Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daarvoor praat as jy in jou huis is, as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan."

Om 'n kultuur te skep waarin die Duitse karakter en etos van die skool uitgebou en beskerm word.

Om deur doelgerigte interskakeling 'n Bondgenootskap tot stand te bring tussen ouers en personeel as mede-verantwoordelikes in die opvoeding van ons leerlinge.

Om te alle tye lojaal te bly aan die ideale van die skool en deurlopend toeganklik te wees vir die ouers van leerlinge van die skool.

AKADEMIE

Wittenberg Schule is 'n skool wat trots is op sy hoë akademiese standaard. Getrou aan die skool se leuse "Ora et Labora", leer ons die kinders dat hulle d.m.v. harde werk en die geloof aan die Allerhoogste, suksesvol kan wees. Met gemiddeld slegs 14 leerlinge per klasgroep, beteken dit dat elke kind individueel gehelp kan word en nie in 'n groot groep sal "verdwyn" nie.

Soos deur die Mpumalanga Onderwysdepartement verlang, word Uitkomsgebaseerde Onderrig toegepas. In graad 1 tot graad 3 het die kinders 3 leerareas, naamlik Geletterdheid (Afrikaans of Duits), Gesyferdheid en Lewensvaardigheid. Bogenoemde word in graad 1 en graad 2 in hulle moedertaal aangebied. In graad 4 tot 7 word 10 leerareas aangebied. Aangesien die handboeke van die Onderwysdepartement nie op standaard is nie, het die Beheerliggaam teen groot onkoste handboeke aangekoop.

Natuurlik moet die behoeftes en wense van die ouers en die gemeenskap ook in aanmerking geneem word. Die personeel, beheerliggaam en ouers besef die noodsaaklikheid dat die kind in die skool nie net die akademiese vakke moet bemeester nie, maar dat in die rooster ook plek gemaak word vir die daaglikse Bybelonderrig, vir intensiewe musiekonderrig en rekenaargeletterdheid.

As enigste Duitse skool in Mpumalanga is ons trots op die Duitse kultuur en taal en wil ons graag die Duitse karakter van die skool behou, dit bevorder en bewaar. Ook die Afrikaanse kind word aangemoedig en gehelp om die taal te bemeester.

Graad 1:

Moedertaalonderrig. Dit beteken dat die kind die keuse het om in Duits of Afrikaans onderrig te word. Die twee groepe is saam in een klas en word vanaf dag een geleer om in die taal van sy keuse te praat, te lees en te skryf. Bykomend sal die Duitse kind leer om in Afrikaans te kommunikeer, terwyl die Afrikaanse kind leer om in Duits te kommunikeer. Maandag tot Donderdag kry die leerlinge huiswerk veral in Geletterdheid en Gesyferdheid. In die loop van die jaar moet die leerlinge aan projekte deelneem om 'n sekere vaardigheid in te skerp, soos byvoorbeeld snoepgoed te verkoop om te leer om met geld te werk.

Graad 2:

Moedertaalonderrig vind steeds plaas. Die klasse word soos in graad 1 in twee groepe verdeel – leerders wat Duits as moedertaal ontvang en leerders wat Afrikaans as moedertaal ontvang. Kinders leer egter nou lees en praat in die tweede taal en klanke word stelselmatig in die tweede taal aangeleer. Maandag tot Donderdag ontvang leerders huiswerk in Gesyferdheid en Geletterdheid wat Diktee in die eerste taal en Lees (beide tale) insluit.

Graad 3:

In graad 3 word leerders in Afrikaans onderrig in al drie die leerareas, nl. Gesyferdheid, Geletterdheid en Lewensvaardigheid. Duits word as vak aangebied en die onderrigtyd daarvoor is 2 periodes per dag. Engels word as tweede taal aangebied. Basiese onderrig in woordeskat vind plaas, sowel as lees en praat. Leerders ontvang huiswerk in Gesyferdheid en Geletterdheid wat Diktee en Lees in Afrikaans en Duits insluit en Engels lees wat slegs op Donderdae gegee word.

Graad 4 – 7:

Behalwe vir Duits en Engels, word die leerareas almal in Afrikaans aangebied. In al die leerareas, behalwe Tegnologie en Kuns en Kultuur (Gr. 4 – 6), word aan die einde van die tweede en vierde kwartaal eksamen geskryf. In al die leerareas word daar per kwartaal ten minste een formele toets geskryf. Soos deur Uitkomsgebaseerde Onderrig aanbeveel word, word van die leerlinge verwag om in al die verskillende leerareas verskeie take en opdragte by die huis te voltooi. Leerlinge kry daaglik huiswerk in die drie Tale (Afrikaans, Engels en Duits) asook Wiskunde.

Huiswerk vorm 'n integrale deel van die akademiese program. Huiswerkboeke moet daaglik deur die ouers gekontroleer en onderteken word.

Die personeel van Wittenberg Schule is ervare, toegewyde, hardwerkende onderwysers wat die voorspoed en sukses van elke kind op die hart dra.

KULTUUR

Kulturele aktiwiteite geniet 'n baie hoë prioriteit by Laerskool Wittenberg. Die entoesiastiese deelname van die leerlinge aan die verskillende aktiwiteite is opvallend. Leerlinge se selfvertroue word hier ontwikkel deurdat elke kind die moontlike geleentheid tot blootstelling geesdriftig moet aangryp en benut.

Koor:

Laerskool Wittenberg bied elke kind die geleentheid om deel van 'n koor te wees. Daar is twee kore, nl. Die senior- en die juniorkoor.

Musiek:

Musiek speel 'n baie groot rol in ons skool. Daarom word daar van elke leerling in graad 1 tot 5 verwag om ten minste een musiekinstrument te leer bespeel. Die meeste kinders kies die blokfluit as instrument. Daar is ook 'n kitaargroep en 'n koperblaasorkes. Die leerder kan ook klavieronderrig ontvang. Om die hoogs moontlike standaard te handhaaf is 'n private onderwyseres aangestel, waar die kind die geleentheid het om individuele onderrig te ontvang. Daar is ook 'n geleentheid om dwarsfluit te leer speel, indien daar direk met mev. Heidrun Johannes gereël word.

Operettes:

Elke tweede jaar word 'n operette aangebied. Ons operettes is van hoogstaande gehalte en in die omgewing baie populêr. Elke leerling word ingespan om sy verborge talente te ontdek, te ontwikkel en ook meer selfvertroue te kweek.

Bunter Abend / Konsert:

Elke tweede jaar sal daar ook nou 'n "Bunter Abend" wees. Dit is in afwisseling met die operettes. Tydens die aand, word aan elke leerling die kans gebied om sy verworwe musiekvaardighede aan die ouers bekend te stel. Leerders kan ook hulle toesprake lewer, of dans. Enige item kan gelewer word, d.i. leerlinge saam met ouers, ouers in 'n groep ens. Die junior- en seniorkoor tree ook op tydens die geleentheid.

Redenaars:

Om die sprekers van die skool ook geleentheid te gee om hulle talente verder te ontwikkel, bied ons jaarliks 'n redenaarskompetisie aan. Met 'n bietjie aanmoediging neem feitlik alle leerders, in graad 4 tot 7 deel. Die juniors, Graad 1 tot 3 kan ook deel neem. Die junior trofee kan deur leerders, graad 1 – 4 gewen word, en die senior trofee deur leerders, graad 5 tot 7. Die temas is die ATKV temas en die leerders wat wen, kan verder aan die ATKV kompetisie deelneem.

Bybelonderrig:

Soos in die missie van die skool onomwonde gestel, dien die Woord van God die skool as rigsnoer. Elke oggend word die skooldag ingelei met 'n Bybelonderrigperiode, hetsy met opening in die saal, Maandae en Vrydae of in die klas. Ons skool is in 'n bevoorregte situasie om predikante te hê wat die onderrig aanbied. Die Duitse graad 6 & 7 leerlinge ontvang dan hulle onderrig by die predikant self, terwyl die ander leerlinge deur die personeel onderrig word. Die oorblywende Duitse leerders is in groepe gedeel volgens kerkverband, terwyl die Afrikaanse leerders in drie groepe verdeel is, nl. Graad 1 – 3; graad 4 & 5 en graad 6 & 7. Die week se bedrywighede word deur skriflesing en gebed elke Maandagoggend deur die Hoof en onderwyser ingelei, en dan op Vrydagoggende deur die predikant afgesluit.

Rekenaarsentrum:

Wittenberg Schule het 'n ten volle toegeruste rekenaarsentrum met 'n gekwalifiseerde personeellid om die vak aan te bied. Daar is 18 rekenaars wat beteken dat elke kind individueel by 'n rekenaar kan werk. Die rooster is so ingedeel dat elke leerling minstens 2 periodes per week rekenaaropleiding ontvang. Die volgende word ook met die leerders behandel, Computer for kids (rekenaarvaardighede), Cami Maths, Cami Reader en Compublocks. Leerders mag ook take op die rekenaars doen, indien dit gereël word.

Pa- en Seunnaweek:

'n Pa- en seunnaweek word elke jaar gereël, waar die pa's en seuns dan 'n naweek saam deurbring.

Dagtoere:

Om die leerlinge se kennis aan te vul, neem ons graag die leerlinge op 'n dagtoer. So neem hulle kennis van die besienswaardighede in die distrik toe. In graad 7 word die leerders op 'n uitgebreide geskiedenisstoer geneem.

Ma- en Dogterdag

'n Ma-en-dogterdag word gereël, waar die ma's en dogters 'n Saterdagoggend saam deurbring. Daar word telkens gepoog om 'n spreker te kry, wat die ma's en dogters sal kom toespreek.

SPORT

By Wittenberg Schule vorm sport 'n integrale deel van die kind se totale ontwikkeling. 'n Gesonde liggaam huisves 'n gesonde gees. Leerlinge word geleer dat sport nie net oor wen gaan nie, maar die gees waarbinne dit geskied. Een voordeel van 'n klein skool is dat elke kind die geleentheid kry om deel te neem. Die sportperiode is in die rooster ingebou en dus sluit die skool om 14:00. die volgende sportsoorte word aangebied:

Rugby:

Wittenberg Schule beskik oor 'n pragtige rugbyveld. Ons neem deel in die afdeling vir kleiner skole (onder 250 seuns) in onderskeidelik die volgende ligas: 0/11 en 0/13 en graad 1 – 3 speel rammetjie-rugby. Vir 'n skool met so min leerlinge vaar ons besonder goed en het van ons 0/11 en 0/13 spanne selfs al die Mpumalanga-liga gewen. Baie van ons spelers het ook al aan die Grenslaerskoolspan verteenwoordig.

Netbal:

Ons beskik oor vier bane. Al die meisies speel netbal en neem entoesiasies deel in die volgende ligas: 0/8, 0/9, 0/10, 0/11, 0/12 en oop span. Die afrigters by die spanne is gekwalifiseerde afrigters met baie ervaring. Van ons speelsters was al gekies vir die Grenslaerskoolspan asook die Hoëveld-Bokkiespan.

Tennis:

Daar is 3 tennisbane by die skool. Ons ding mee teen alle skole in ons bond en bykomend ook nog teen die ander twee Duitse skole in KwaZulu-Natal. Die standaard van ons tennis is hoog en vaar ons dus baie goed in die liga. Junior leerlinge word ook reeds touwys gemaak in hierdie sport. Tennisklinieke word gedurende die jaar deur gekwalifiseerde afrigters aangebied waaraan alle kinders mag deelneem.

Krieket:

Hierdie sport word baie hoog aangeskryf in ons skool. Die krieketblad op ons rugbyveld is een van die mooistes in Mpumalanga. Pragtige nette is opgerig waarin die spelers oefen. Ons beskik oor 'n moderne boulmasjien waarmee die spelers afgerig word. Ons neem deel in die afdeling vir kleiner skole (onder 300 leerlinge) in onderskeidelik die volgende ligas: 0/11 en 0/13 en die graad 1-3 leerlinge sspel mini-krieket. Van ons spanne het selfs al die Mpumalanga-liga gewen.

Atletiek:

Ons beskik oor 'n baie goeie infrastruktuur in hierdie sport. Alle kinders moet aan hierdie sport deelneem. Elke leerling word aangemoedig om op sy eie standaard te presteer. Elke jaar vind 'n Interlaer plaas en ons neem aan verskeie ander vriendskaplike byeenkomste deel waarvan die Duitse Atletiekbyeenkoms die hoogtepunt is. By al die byeenkomste poog ons om die kinders op alle vlakke en aan alle items te laat deelneem. Verskeie van ons atlete het al besondere prestasies gelever.

Skaak:

Die graad 6 & 7 leerlinge het een periode per week skaakonderrig. Daar word van tyd tot tyd teen ander skole deelgeneem waar ons skool uitstekend presteer.

Swem:

Ons beskik oor 'n pragtige swembad waar die juniors geleer word om te swem. Jaarliks word daar 'n informele swemfees by die skool aangebied. Ons neem ook aan die swemgala, wat deur Michaelis Schule in Vryheid aangebied word, deel.

SKOOLDRAG

Wittenberg Schule het 'n pragtige unieke skooldrag. Die kinders word geleer om altyd netjies te wees en die drag te respekteer. Die skooldrag kan nuut of tweedehands by die skool aangekoop word, behalwe die wit bloese/hemde en grys broeke wat algemeen in die handel beskikbaar is.

Tydens skoolure:

Seuns:

Somer: Grys kortbroek met wit hemp met die skoolwapen op die sak. Kinders loop kaalvoet.

Winter: Grys kort-/langbroek en wit hemp met die skoolwapen op die sak. Swart skoolskoene met veters moet gedra word. Slegs die grys skoolkouse word toegelaat. Skooltrui en/of die skoolbaadjie kan gedra word.

Dogters:

Somer: Rooi skoolrok met wit bloes. Kinders loop kaalvoet of skoolkouse met swart skoolskoene.

Winter: Rooi skoolrok met wit bloes of grys langbroek en wit bloes. Swart skoolskoene moet gedra word met wit skoolkouse word toegelaat. Skooltrui en/of die skoolbaadjie kan gedra word.

Tydens sport:

Oefening: Met sportoefeninge is netjiese drag aanvaarbaar met dien verstande dat dit by die sportsoort pas. Met rugby-oefeninge moet 'n rugbytrui aangetrek word.

Wedstryde:

Rugby:

Wit broek en die skool rugbytrui. Hulle speel kaalvoet. (Rugbytrui word voorsien.)

Krieket:

Skoon wit broek en skoolsporhemp. Skoon tekkies met skoolkouse, mini-krieket kaalvoet. Slegs die skoolpet is aanvaarbaar.

Tennis:

Skooltennisdrag, tekkies en skoolkouse. Slegs die skoolpet is aanvaarbaar. Die drag word deur die skool voorsien. Pet moet aangekoop word.

Netbal:

Die skoolnetbaldrag word gedra met netjiese skoon wit skoolkouse en tekkies. Die drag word deur die skool voorsien.

Atletiek:

Swart kortbroek en die skoolsporhemp (moet aangekoop word.)

Swem:

Seuns: ordentlike kort swembroek

Dogters: 'n netjiese vollyf kostuum.

Die rooi skoolrok, wit skoolkouse, sporhemp, baadjie en pette is by die skool te koop.

(Sien skoolreëls!)

SPEZIALE DIENSTE

Bybelonderrig:

By ons skool is dit belangrik dat ons Christelike geloof uitgeleef word. Maandagoggende begin die week met skriflesing en gebed in die skoolsaal. Dit word deur die onderwysers gelei. Op Vrydae eindig ons die week ook met skriflesing en gebed in die skoolsaal, maar dit word formeel deur 'n predikant gedoen.

Dinsdae tot Donderdae word daar tydens die Bybelonderrigperiodes in die verskillende klasse verskillende Bybeltemas behandel. Die Duitse kinders (Gr 6 & 7) kry formele onderrig deur die predikante van Wittenberg- en Markusgemeente. Op Vrydae sing al die kinders gewyde liedere in die skoolsaal, terwyl die Duitse kinders gesamentlik by die predikante onderrig ontvang.

Elke kwartaal word met 'n formele diens in die kerk geopen. Die kwartaal word ook met skriflesing en gebed deur een van die predikante afgesluit.

Rekenaarsentrum:

Leerlinge vanaf graad 1 tot 7 het elk weekliks twee periodes waarin hulle op 'n rekenaar in die rekenaarsentrum werk. Die skool het die CAMI Wiskunde- en CAMI Leesprogramme aangekoop. Dit is programme wat volgens die nuutste skoolsillabus opgestel is en elke kind vorder individueel tot op sy/haar persoonlike beste vlak.

Om konsentrasie van die leerlinge te verbeter, het ons die COMPUBLOX program aangekoop.

Ons het ook by "Computers 4 Kids" aansluit. Die leerlinge geniet hierdie programme so, dat hulle glad nie agterkom hoeveel hulle leer nie. Gebruik van die sleutelbord, die muis en hulpmiddels word vir die kinders so selfsprekend so pen en papier. 'n Basiese kennis van die gebruik van Windows en die "Office" programme word opgebou en inge oefen. Aan die einde van graad 4 skryf die leerlinge 'n formele eksamen opgestel deur "Computers 4 kids" en ontvang 'n silwer sertifikaat. Aan die einde van Gr. 7 word weer 'n eksamen van "Computers 4 kids" geskryf, waar die kinders dan 'n goue sertifikaat ontvang. Hierdie sertifikaat dui aan dat die leerlinge die 7 Modules geslaag het.

Finansieel word hierdie sentrum slegs deur addisionele fondsinsamelingsprojekte gesteun en word skoolfonds hoegenaamd nie deur aankope vir die sentrum geraak nie. Die fondsinsamelingsprojekte word op inisiatief van die personeel gedoen.

Mediasentrum:

Die skool beskik oor 'n baie goed toegeruste mediasentrum. Die Mediasentrum is elke Maandag en Woensdag tydens die eerste pouse beskikbaar en op 'n Vrydag tydens die tweede pouse. Die onderwyres wat die Mediasentrum behartig, doen baie moeite om lees te bevorder – so kry die leerling wat die meeste boeke tydens die kwartaal gelees word, 'n prys aan die einde van die kwartaal.

Musieksentrum:

Klavier:

Die leerlinge kry geleentheid om gedurende skoolure, privaat klavierlesse te ontvang aan die Musieksentrum. Teorieklasse word ook tydens skoolure aangebied. Die musiekstudente kry ook geleentheid om hulle talent tydens musiekaande by die skool voor te dra. Die leerlinge word op aanbeveling vir UNISA-eksamens ingeskryf en hulle behaal uitstekende resultate. Klavierlesse word maandeliks vooruit betaal.

Blokfluit:

Al die leerlinge van die skool kry blokfluitonderrig. Hierdie onderrig word in groepe gedoen en is in die rooster ingewerk.

Kitaar:

Leerlinge wat belangstel om kitaaronderrig te ontvang, word ook tydens die skoolrooster geakkommodeer.

Blaasorkes:

Aangesien die blaasorkes 'n groot faktor in die Duitse kultuur is, kry kinders wat belangstel formele trompet-onderrig. Hierdie onderrig vind op 'n Woensdag- middag plaas.

Busroete:

Daar is 'n skoolbus wat daaglik die kinders van die dorp na die skool en weer terug dorp toe vervoer. Daar is te alle tye 'n personeelid aan diens op die bus.

Vanaf Comondale ry daar ook daaglik 'n bussie om die kinders van Comondale-omgewing na die skool te vervoer.

Skryfbehoeftes:

Alle skryfbehoeftes en skrifte kan by die skool aangekoop word.

Publieke telefoon:

Vir die leerlinge se gerief is daar 'n kaarttelefoon vanwaar die leerlinge kan skakel. Die telefoon-kaart kan in die kantoor gekoop word.

Koshuis:

Etes:

Gebalanseerde etes word elke dag vanaf Maandag tot Vrydag met ontbyt, middagete en aandete voorsien. Dagskoliere mag elke dag (Maandag tot Donderdag) by die koshuis die middagete nuttig, indien vooraf met die koshuismoeder gereël is.

Studie:

Toesig oor studie word deur die onderwysers / studente-onderwysers gedoen.

Studietye: Middae vanaf 14:15 tot 15:15 en Saans vanaf 18:30 tot 19:30.

Spele:

In die middae na studie het die leerlinge tyd om buite te speel. In die somer word daar gereeld gewem.

Musiek:

Elke kind wat klavieronderrig ontvang, word ingedeel op 'n tydrooster om daaglik ongesteurd te oefen. Daar word ook daaglik tyd ingeruim vir kitaar-, blokfluit- en koperblaas oefening.

Godsdien:

Elke oggend en aand word huisgodsdien gehou. Die kinders kry ook elke aand vanaf 19:45 tot 20:00 tyd om hul eie Bybelstudie te doen.

Slapenstyd:

20:00 is ligte uit en moet die kinders slaap.

Naweke is die koshuis gesluit. Dit word waardeer indien kinders op publieke vakansiedae ook huis toe te gaan.

GEDRAGSKODE - OUERS

Wittenberg Schule se gedragskode is uitsluitlik gerig op die skepping van 'n harmonieuse en gedissiplineerde skool omgewing, waarin die leerder deur middel van die opvoeder en ouers sy volle potensiaal kan bereik. Verder skep dit 'n maatstaf waardeur die gedrag van leerders, ouers, opvoeders en bestuur gemeet kan word.

Net so min as 'n huisgesin sonder basiese gesinsreëls kan funksioneer, kan 'n skool ordelik voortgaan sonder voorskrifte aan die ouers en leerlinge. By toelating onderwerp leerlinge hulle aan die nakoming van die gedragskode en huishoudelike reëls van die skool.

Elke ouer van Wittenberg Schule verbind hom tot:

- Die opvoeding van leerders tot verantwoordelike en selfstandige besluitnemers.
- Die kweek van 'n pligsbesef by leerders.
- Die handhawing van dissipline by leerders.
- Die hantering van die opvoeders en bestuur met die nodige respek.
- Die aanvaarding van die skoolreëls en skoolbeleide en die bevordering daarvan by leerders.
- Die respek vir die skoolomgewing en die skoolfasiliteite.
- Die erkenning van die multikulturaliteit en andersheid van mede-ouers en dat hulle so sal optree dat hulle nie die menswaardigheid van ander ouers sal aantas nie.
- Die respek vir nie-onderwyspersoneel en besoekers. Die bydraes tot die gladde verloop van die skoolorganisasie deur administratiewe personeel en terreinwerkers word hoog aangeslaan, daarom sal ouers ook hierdie personeel met agting hanteer.

Regte van ouers:

- Om op die beheerliggam te dien indien demokraties verkies.
- Om te verwag dat die standaard van onderwys korrek en in lyn is met die beginsels soos vervat in die skolewet.
- Gereeld op hoogte gehou te word ten opsigte van die vordering van sy/haar kind by die skool aktiwiteite of selfs gedragsafwykende gedrag indien dit openbaar word.
- Enige probleem met of die onderwyser of die skoolhoof te bespreek, maar op so 'n manier dat die integriteit van geen persoon afgekraak word nie / sy regte nie aangetas word nie.
- Deel te neem in die besluitnemingsprosesse en funksies soos van tyd tot tyd deur die skool verlang.

Verantwoordelikhede van ouers:

- Om aan hulle kinders 'n veilige en geborge opvoeding te gee waarmee die kind se volle potensiaal ontwikkel kan word.
- Om toe te sien dat hulle kind/ers elke dag skool bywoon en indien hulle afwesig is, dit onder die aandag van die klasonderwyser of hoof te bring. Indien 'n kind vroeg die skool moet verlaat self die nodige reëlings tref en die kind persoonlik by die kantoor kom afhaal.
- Om toe te sien dat gereelde akademiese rapporte van die vordering van die leerder ontvang word en dit ook met die onderwyser en kind te bespreek.
- Om toe te sien dat die kind gesond en skoon is en dat hy/sy geïmmuniseer is soos vereis deur die Gesondheidsdepartement.
- Om toe te sien dat die kind/ers die nodige toerusting het om hulle klaswerk en tuiswerk te doen.
- Om onder die aandag van die skool te bring, enige verandering in die kind se omstandighede.
- Om die skool te voorsien met die nodige telefoonnommers, adresse en geboortesertifikate.
- Om gereeld die kinders se skoolgeld te betaal of reëlings met die Finansiële komitee te tref.

- Om 'n positiewe verhouding te kweek tussen die leerder, die onderwyser en die skool deur aktief betrokke te raak by die aktiwiteite van die skool.
- Enige skade aan die gebou en ander toerusting deur leerders sal deur die ouers vervang of herstel word.

Betrokkenheid by buitemuurse aktiwiteite en sportbyeenkomste:

Die deelname van leerders aan enige buitemuurse aktiwiteit is 'n voortsetting van die opvoedingsproses en daarom is die optrede van ouers langs die veld/baan van uiterste belang om nie aanstoot te gee nie.

Ouers onderneem dus om hulself te weerhou van opmerkings teenoor die skeidsregters en ander toeskouers tydens sportbyeenkomste. Hulle ook te weerhou van geweldadige, onwelvoeglike en lasterlike taal en gedrag.

Besoeke aan die skool om opvoeders te spreek:

Skakel vooraf om 'n afspraak te reël. Meld te alle tye by die kantoor aan. Geen ouer mag direk na 'n onderwyser se klas gaan nie. Niemand mag 'n onderwyser gedurende onderrigtyd in die klas besoek nie.

Indien 'n onderwyser dringend gesprek moet word, moet toestemming by die skoolhoof verkry word.

Indien 'n spesifieke probleem rakende 'n leerling/e aangespreek moet word, moet 'n afspraak op 'n ander meer gepaste tyd met die betrokke onderwyser gemaak word.

Indien die skoolhoof teenwoordig moet wees, maak asseblief 'n afspraak by die sekretaresse.

DIE KORREKTE OPTREDE MET DIE HANTERING VAN 'N PROBLEEM OF KLAGTE:

1. Ouers word hartlik uitgenooi om enige probleem rakende hulle kind/ers, hoe gering ook al, met die skoolhoof/betrokke onderwyser te kom bespreek.
2. Volg asseblief die korrekte kanale indien 'n probleem/voorstel opduik:
 - 2.1 Maak asseblief telefonies of persoonlik 'n afspraak by die sekretaresse.
 - 2.2 Stel die probleem duidelik sodat die persoon wie gesprek word homself deeglik kan voorberei.
 - 2.3 Kom asseblief die afspraak betyds na.
 - 2.4 Nadat die probleem bespreek is, en opvolgwerk noodsaaklik is (byvoorbeeld: die leerling moet ekstra werk doen/ die onderwyser ekstra klasse aanbied/'n volgende afspraak gereël word), moet dit gereeld en getrou gedoen word.

BOEKE / OUERDAE:

Geen formele boekedae/ouerdae word geskeduleer nie. Ouers moet asseblief gereeld na die leerlinge se werk kyk. Indien ouers enige probleme bespeur moet sodanige ouer dadelik in gesprek tree met die betrokke onderwyser. Hierdie gesprekvoering tussen die onderwyser en ouer rakende die akademiese vordering van elke leerling, is uiters noodsaaklik. Elke ouer moet van hierdie geleentheid gebruik maak.

OUIERS WORD VERSOEK OM HULLE SAMEWERKING TEN OPSIGTE VAN DIE VOLGENDE BELANGRIKE REËLS TE VERLEEN:

1. Skoolbywoning is verpligtend en dit is die ouers se verantwoordelikheid om toe te sien dat hulle kinders gereeld die skool bywoon.
2. In geval van afwesigheid moet die ouer in die huiswerkboek / omsendbriewelêer die rede en datum van afwesigheid verstrek en dit onderteken.
3. Mediese en ander afsprake vir u kinders mag nie gedurende skoolure gemaak word nie.
4. Ingeval u kind medies ongeskik is om deel te neem aan Liggaamlike Opvoeding en sport, moet u 'n mediese sertifikaat by die skool indien. Ons verwag dat leerlinge aan minstens een buitemuurse aktiwiteit (sport en/of kultuur) die hele jaar sal deelneem.

5. Ouers moet toesien dat hul kinders elke dag netjies en korrek geklee na die skool en skoolaktiwiteite kom en dat alle kledingstukke behoorlik gemerk is.
6. Leerlinge se optrede in die openbaar moet van so 'n aard wees dat dit altyd die goeie naam van die skool sal bevorder.
7. Geen boodskappe, behalwe in noodgevalle, sal gedurende skoolure aan leerlinge oorgedra word nie.

GEDRAGSKODE - LEERLINGE

Inleiding:

Die gedragskode van Wittenberg Schule is gebaseer op die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, asook die Suid Afrikaanse Skolewet van 1996. Hieruit voortvloeiend word aanvaar dat elke burger oor dieselfde basiese regte beskik. Om dit egter moontlik te maak vir al die leerlinge om onderrig te word, is dit nodig om bepaalde reëlings te tref, sodat goeie orde by die skool gehandhaaf kan word. Die gedragskode is so saamgestel om te verseker dat alle leerlinge, sowel as personeel, die geleentheid gebied word om te onderrig en onderrig te ontvang.

Algemeen:

- Wees vriendelik teenoor mekaar.
- Respekteer mekaar.
- Ons praat 'met' mekaar nie 'van' mekaar nie.
- Ons moet te alle tye goeie maniere openbaar en let op ons taalgebruik as ons, ons skool verteenwoordig in ons skooldrag.
- Geen leerders mag sonder toestemming in die personeelkamer ingaan nie.
- Ons los speelgoed by die huis. Onderwysers het die reg om speelgoed te konfiskeer.
- Leerders mag geen selfone skool toe bring nie.
- Selfone mag slegs saamgebring word skool toe, indien leerlinge by 'n ander skool sportverpligtinge moet nakom. Die selfoon moet by die skoolsekretaresse ingehandig word en voordat leerlinge na hul bestemming vertrek, weer by die kantoor afgehaal word. Een Gr. 7-leerling op die Commondale-bussie mag 'n selfoon saambring, maar moet by die sekretaresse ingehandig word, sodra hy/sy by die skool arriveer.
- Verlore goedere wat opgetel word, moet asseblief by die Gr 1-klas ingelewer word.

Dissipline:

- Ons aanvaar die gesag wat bo ons aangestel is.
- Daar moet te alle tye stilte en orde op die aantreeblad en voor die klaskamers wees.
- Die gebruik van kru taal, vloek of swets, asook bakleiery op die terrein of in die klaskamers is te alle tye verbode.
- Indien 'n leerder sy skoolklere aan het, moet hy alle skoolreëls en gedragsreëls nakom selfs as het hy/sy die skoolterrein verlaat.

Gedrag teenoor onderwysers en skoolpersoneel

- Wees hoflik. Groet altyd beleefd.
- Waak teen gedrag wat as "voorop die wa" beskou kan word.
- Volledige aanspreekvorm: "Ja Meneer", "Dankie Juffrou"
- Geen hande in die broeksakke nie.
- Staan opsy dat onderwysers/volwassenes kan voorgaan by deure ens.
- Wees altyd behulpsaam.
- Mooi, respekvolle gedrag en maniere dwing agting af.
- Staan op as onderwysers/volwassenes die klas binnekom.
- Onderwysers se gesag word altyd eerbiedig.

Hoof se kantoor

- Die kantoordeur staan gewoonlik oop - klop en wag dan om binnegenooi te word.
- Indien die deur toe is, is die hoof besig met 'n privaatgesprek - kom dan later terug. Dieselfde geld as hy oor die telefoon praat.

Skooltye:

- Leerders moet betyds vir skool wees.
- Geen leerder mag die skool verlaat voor sy/haar laaste periode verby is nie.
- Geen leerder mag gedurende skoolure die terrein verlaat sonder toestemming of toesig van 'n personeellid nie.
- Leerders wat vroeër huis toe gaan, moet 'n brief van hulle ouers/voog by hul registeronderwyser inhandig. Hierdie leerders moet deur hul ouers by die administratiewe kantoor afgehaal en uitgeteken word.

Skoolterrein:

- Ons gooi nie papiere of ander vullis op die skoolterrein nie.
- Ons speel of hardloop nooit op die pawiljoene of stoepe nie.
- Naweke, vakansiedae en vakansietye wanneer geen aktiwiteite deur die skool aangebied word nie, **MAG GEEN LEERDER OP DIE SKOOLTERREIN WEES NIE.**
- Niemand mag die skool se eiendom en geboue beskadig nie.
- Niemand mag plante beskadig of aan takke van bome hang nie.
- Leerders mag nie tussen die onderwysers se motors speel of loop nie.

Saalopening:

- Geen leerder mag gesels tydens saalopening nie.
- Stap altyd in netjiese rye saal toe.
- Geen eetgoed of drinkgoed word in die saal toegelaat nie.
- Ons staan altyd op aandag met ons hande langs die sye wanneer die volkslied en skoollied gesing word of wanneer die landsvlag gehys word.
- Wanneer ons in die saal instap of verdaag doen ons dit ordelik en in stilte, in graadverband en in netjiese rye.
- Absolute stilte word in die saal gehandhaaf.
- Leerders mag nie in die saal wees sonder die toestemming van 'n personeellid nie.

Klaskamer:

- Wanneer leerlinge die klaskamer binnestap, geskied dit ordelik!
- Boeke word dadelik uitgehaal en tasse op die vloer neergesit.
- Leerling wag dan op die groet van die onderwyser en gaan sit.
- Klaskamers moet te alle tye netjies gehou word. Voogklasse werk 'n diensrooster uit vir instandhouding van klas.
- Daar mag nie op banke, mure, vensters of verwarmers gekrap of geskryf word nie.
- Geen etery sal in die klas geduld word nie.
- Geen leerling mag tydens 'n periode buite 'n klaskamer wees nie.
- Gedurende pouse mag niemand in die klaskamer of saal wees sonder toesig van 'n personeellid nie.
- Ons bly stil in ons banke sit en gaan aan met skoolwerk wanneer 'n onderwyser nie in die klas is nie.
- Wanneer die hoof of ander onderwysers of enige volwassene tydens die periode die klaskamer binnekom, moet die leerlinge opstaan en wag op toestemming om te gaan sit.
- Ons speel/hardloop **NOOIT** in 'n klaskamer nie.
- Ons gesels nie wanneer ons in 'n klas inloop nie.
- Die besit of kou van kougom op die skoolterrein en in die klaskamer is te alle tye verbode.
- Tydens afsluiting aan die einde van die skooldag, mag niemand rondbeweeg, gesels of ruite toemaak nie.

Akademie:

- Huiswerk is verpligtend. Slegs 'n brief van die ouer/voog word as 'n aanvaarbare verskoning gebruik.
- Leerders wat die skoolreëls herhaaldelik oortree sal gestraf word.

Handboeke:

Alle handboeke moet van 'n stewige oortreksel voorsien word en met groot sorg hanteer word. Sterk plastiek word aanbeveel. Handboeke mag onder geen omstandighede dubbel gevou word nie. Indien 'n handboek verlore raak of beskadig word, moet die leerling dit self vervang.

Afwesigheid vanaf die skool:

Die Skoolhoof mag slegs toestemming vir afwesigheid aan 'n leerling/e verleen in geval van ernstige siekte of dood van naasbestaandes, of vir dringende mediese behandeling.

Die volgende stappe word vereis:

- Ouers moet die skoolhoof / klasvoog, vooraf, of so spoedig moontlik in kennis stel indien 'n leerling afwesig is of gaan wees.
- Indien 'n leerling om mediese redes vir langer as drie dae afwesig is, moet 'n doktersvoorskrif of mediese sertifikaat voorsien word. (Minder as 3 dae, is 'n briefie van die ouer wat aanvaarbare redes verskaf voldoende)
- Leerlinge wat om wettige redes van die skool afwesig is, moet onmiddellik by hulle terugkeer 'n brief van die ouers of 'n mediese sertifikaat / brief van ouer aan die klasvoog oorhandig.
- 'n Briefie word ook vereis indien 'n leerling nie aan sport/fisiese aktiwiteite mag deelneem nie!
- Afwesighede tydens toetse en eksamens kan alleenlik aanvaar word, indien 'n doktersertifikaat ingehandig word. Waar ander redes geld, moet ouers asseblief met die hoof skakel, indien moontlik vooraf [bv. begrafnisse, ens.]
- Onreëlmatige afwesigheid sal opgevolg word.

Pouse:

- Juniors [Gr 1 – 3] en seniors [Gr 4 – 7] het aparte speelterreine.
- Juniors mag nie by die seniors speel nie en seniors mag nie by die juniors speel nie.
- Soggens tydens “Religionsunterricht”, mag geen leerling op die stoepe, pawiljoen, netbalbane of binnetuin speel nie.
- Die oomblik as die klok na pouse lui, moet leerlinge onmiddellik na hulle klaskamer beweeg.
- Geen katterigheid!
- Gooi niks na ander nie.
- Hardloop nie om draaie nie.
- Knou nie maats of kleiner kinders af nie.
- Seuns is hoflik teenoor die dogters.
- Speel binne die gebied aan julle toegesê.
- Mors nie water - of in die water nie.
- Meng nie met ander kinders se spele in nie.
- Reageer dadelik op klokke.
- Geen bakleiery!
- Gevaarlike speletjies en speelgoed (messe/klappers) is streng verbode.
- Grawe van gate op rugbyveld / netbalbane is ontoelaatbaar
- Niemand mag tydens pouse in die klasse of op die stoepe wees nie.
- Niemand mag tydens pouse in die badkamers speel nie.
- Niemand mag tydens pouse by die krieketnette speel nie.
- Niemand mag tydens pouse die skoolterrein verlaat of met vreemde persone praat nie.
- Niemand mag in die blombakke voor die klaskamers of in enige beddings speel nie.
- Daar mag op geen terasse of walle gespeel word nie.
- Slegs die Junior Primêre Fase (6 – 9jaar) mag op die klouterrame en swaaie speel.
- Niemand mag voor of op die stoep voor die hoof se kantoor of personeelkamer speel nie.

Juniors:

- Speel op die grasperk en klimraam voor die skool en langs gr 1-klas.

Seniors:

- Leerders mag slegs op die rugbyveld (seuns) en netbalbane (meisies) speel.
- Leerders mag op die pawiljoene sit, maar nie op die pawiljoene rondhardloop en speel nie.

Afknoery:

Afknoery word onder GEEN omstandighede toegelaat nie, veral nie seniors wat juniors fisies of geestelik afknou nie. Bakleiery word ook nie toegelaat nie. Daar is ander erkende maniere om 'n geskil of probleem op te los.

Kleedkamers:

- Ons laat die kleedkamers net soos wat ons dit graag wou hê.

- Leerders mag nie in die kleedkamers speel nie.
- Leerders mag nie die personeel se kleedkamers gebruik nie.
- Ons mag nie in die kleedkamers eet of drink nie.
- Wees spaarsamig met die papier.
- Maak die kraan toe en moenie water mors nie.

Klaswisseling:

- Tydens klaswisseling loop ons altyd aan die linkerkant van die stoep.
- Aan die einde van 'n periode moet die leerlinge op bevel van die onderwyser hulle boeke inpak en wag vir toestemming om te staan en te stap.
- Klaswisseling moet vinnig plaasvind.
- Tydens klaswisseling loop ons flink en vinnig sonder om te gesels in rye.
- Klop eers aan deure van klasse waarheen jy gestuur word en wag vir toestemming.
- Deure word nie geklap nie.

Respek vir ander se eiendom

- Waak teen vandalisme!
- Ander se klere, boeke, fietse, sporttoerusting, ens.
- Moenie eiereg gebruik nie.
- Pas skoolgeboue, meubels en sportgronde op.
- Respekteer plante en bome.
- Leen van ander se boeke, klere en skryfbehoeftes is VERBODE!
- Kledingstukke en besittings moet behoorlik gemerk word.

Respekteer ander se gevoelens

- Ons gee en noem nie byname nie - veral nie as dit afbrekend is nie.
- Ons skel nie op mense of ons maats nie
- Ons maak geen opmerkings op ander skole se leerlinge of personeel nie - veral nie tydens sportbyeenkomste nie.

Eerlikheid

- Geen leuens!
- Optelgoed word by die kantoor of Gr. 1-klas ingehandig.
- Ons neem nooit wat nie aan ons behoort nie.

Buitemuurse Bedrywighede

- Personeel offer hulle tyd vir julle op.
- Waardeer dit.
- Wees getrou in die bywoning van alle oefeninge.
- Gee vooraf kennis van afwesigheid - skriftelik deur ouer endit geld ook vir sport.
- Wees onberispelik tydens optrede en voor die publiek.
- Lewer altyd jou beste - tot aan die einde van die stryd.
- Bedwing jou humeur - geen gemene spel.
- Openbaar altyd goeie sportmangees - wees erkentlik en ordentlik teenoor jou teenstanders.
- Dra jou voorgeskrewe sportdrag.

Ouers

- Behaag jou ouers deur jou werk getrou te doen.
- Moenie jou huis in die skande steek deur swak optrede by die skool nie.
- Jou ouers werk hard om jou alles te gee wat jy het. Waardeer dit en pas dit op.

Skooldrag:

Daar moet te alle tye streng by die voorgeskrewe skooldrag gehou word.

Skooldrag moet altyd skoon en netjies gehou word. Onderwysers moet let op leerlinge se hande, hare, naels, ore en sakdoek.

Niemand mag met sy hande in sy sakke loop nie.

Hemde mag nie uithang nie.

Seuns:

- Wit kortmou hemp met skoolwapen op sak - somer
- Langmou hemp winter
- Hemp netjies ingestek
- Skoolskoene: sonder dik, hoë sole, gespes en klinknaels
- Grys kouse
- Grys langbroek – winter
- Grys kortbroek – somer
- Swart skooltrui of swart skoolbaadjie

Meisies:

- Rooi skoolrok - romp mag nie korter as 5cm bo die knie wees nie.
- Wit hemp – kortmou – somersdrag (langmou – wintersdrag).
- Langbroek – grys (winter).
- Wit skoolsokkies met rooi en swart strepe (by skool verkrygbaar).
- Swart skooltrui of swart skoolbaadjie.

Sportdrag:

Seuns:

- Atletiekdrag soos voorgeskryf. Hemde mag nie uithang nie.

Meisies:

- Atletiekdrag soos voorgeskryf. Hemde mag nie uithang nie.

Juwele:

Geen tongringe & oogringe & neusringe, ens. nie. Leerlinge mag geen ringe, armbande of hangertjies dra nie. - Dogters mag 'n seëlring dra.

Kettinkies met mediese voorskrifte word toegelaat.

Dogters wat gaatjies in die ore het, mag een dun goue of silwer ringetjie met 'n maksimum deursnit van 1,5 cm. In elke oor dra, of 'n knoppie met 'n maksimum deursnit van 5mm in elke oor. Slegs EEN knoppie per oor word toegelaat. Slegs goue of silwer knoppies word toegelaat - GEEN - goue knoppies met 'n gekleurde juweeltjie binne in nie.

Hare:

Seuns:

Hare sal te alle tye netjies en kort wees.

Geen "modesnit" en lang kuiwe is aanvaarbaar nie.

Wanneer die hare afgekam word - mag die hare nie oor die ore hang nie.

- mag die kuif nie nader as 'n vingerbreedte vanaf die wenkbroue hang nie.
- mag nie op kop 'n bol / massa wees nie.

Gel of haarsproei of kunsmatige middels in die hare is nie aanvaarbaar nie.

Hare mag geensins gekleur of gebleik word nie.

Meisies:

Langer hare wat die onderkant van die hems kraag raak, moet vasgemaak wees.

Die hare moet natuurlik wees.

Geen kleurstowwe/strepies sal toegelaat word nie.

Geen kunsmatige haarstyle soos gekroesde hare of hare wat deur spuitmiddels of gel in posisie gehou word, is aanvaarbaar nie.

Wit, swart of rooi rekkies.

Geen gekleurde knippies in die hare nie.

Hare moet te alle tye uit die oë wees – lang kuiwe is nie aanvaarbaar nie, tensy die kuif ordentlik uit die oë vasgemaak is.

Naels:

Naels moet nie oor die vingerpunte steek nie. Geen naellak mag gebruik word nie (vinger- en toonnaels)

Busse

- Swak gedrag en spelery word nie in die busse toegelaat nie.
- Niemand mag te enige tyd sonder die toestemming van 'n personeellid in die bus wees nie.
- Busse word altyd netjies agtergelaat.

- Wees hoflik teenoor die bestuurders en moenie hom/haar in hul taak hinder nie - jou en ander se veiligheid hang daarvan af.
- Busgeld is vooruit betaalbaar en moet asseblief getrou betaal word.

Algemeen:

Administratiewe kantore en die Personeelkamer is VERBODE terrein vir leerlinge.

Vandalisme word as 'n baie ernstige oortreding beskou.

Ons is trots op ons terrein - papiere en blikke moet asseblief in 'n asblik gegooi word.

Moet asseblief nie blomme, struik en bome beskadig nie.

Leerlinge mag onder geen omstandighede met die brandslange of die elektriese skakelborde peuter nie.

Wanneer leerlinge na skool na enige openbare plek gaan en hulle is nog in hul skooldrag geklee, moet hulle aan dieselfde netheidsvereistes as by die skool beantwoord. Dit geld ook wanneer skoolgroepe in die aand uitgaan en in skooldrag geklee is.

'n Skooldrag is VERPLIGTEND tydens formele uitstappies na Maatskappye, opvoerings, ens. Van leerlinge word verwag om te alle tye die welvoeglikheidsreëls ten opsigte van seun / dogter verhoudings te handhaaf.

Benewens bogenoemde is die volgende ook totaal ontoelaatbaar:

Weerspannigheid en opstandigheid teen die Hoof en Personeel.

Laatkommery en afwesigheid sonder verlof.

Dra of in besit wees van sakmesse of enige gevaarlike voorwerpe soos rekkers, waterpistole, geraasmakers of stinkbomme.

Disrespek teenoor Nasionale Simbole en die skool se Gedragskode & Erekode.

Vloekery en kru – of onweloweglike taalgebruik

Slagspreuke, plakkers of aantekeninge op skooltasse

Bedrog, omkoperij, diefstal.

Aanranding en bakleiery